

PINKSTERFEES 2020

31 Mei 2020

Joh 20:19-23



Die Missie om te Vergewe

Net nie weer ons “ou self” word nie

- Ons behoort eintlik doodbang te wees dat dinge weer “normaal” sal raak. Natuurlik bid ons dat die verwoestende krag van Covid-19 getemper sal word en dat ons weer voluit kan lewe, maar ons moet ook vra of die “normaal” wat ons gehad het regtig so wonderlik was.
- Die vorige “normaal” was in baie opsigte selfsugtig, individualisties, materialisties, ongelyk, diskriminerend, noem maar op...
- Eintlik moet ons vrees wees dat ons weer elkeen ons “ou self” gaan word. Dis mos die uitdrukking wat mens gebruik as iemand bietjie die spoor byster geraak het, maar nou is hy weer “normaal”. Dan sê ons hy is sy “ou self”. Ons moet bang wees om ons ou self te raak, want hopelik het die afgelope tyd vir ons nuwe perspektiewe gegee oor wat regtig belangrik is en hoe ‘n sinvolle lewe geleef moet word.

Bedremmelde dissipels ingeperk

- Dis ‘n week nadat Maria die leë graf aangetref het. Die dissipels is in self-isolasie en ingeperk. Hulle kruip weg vir almal wat op hulle spoor is en dink hulle het Jesus se liggaam gesteel en maak nou of Hy opgestaan het.
- Hulle sit daar saam op ‘n hopie, ten minste eensgesind in hulle twyfel en wanhoop. Die kans is groot dat hulle maar net weer hulle ou selwers gaan word van voordat hulle Jesus begin volg het. Of is daar ‘n kans dat hulle hulle “nuwe selwers” kan word?
- Meteens is Jesus by hulle. Gelukkig het Hy hulle agtervolg en opgespoor waar hulle wegkruip. En dan gee Hy aan hulle drie geskenke:
 1. Sy “Shalom” (“Vrede”). Dit beteken sy heelword, volword en nuutword. Hy maak heel wat stukkend was, ook in sy verhouding met hulle, wat Hom verloën het.
 2. ‘n Missie. “Ek stuur julle!” Hy gee vir hulle ‘n storie om te gaan leef. Hy het

‘n lied van verlossing en hy kies hulle as die koor om dit te gaan sing.

3. ‘n Supermag – om te vergewe. Hy blaas oor hulle as ‘n teken dat sy Heilige Gees nou in hulle is. En dan gee Hy aan hulle ‘n besondere bemagtiging – om te gaan vergewe.

Jou “Super-Power”



- Dit voel vreemd om dit so te noem, maar dink gou bietjie watter “super-power” sou jy wou hê? Om te vlieg? X-straal visie te hê? Onsigbaar te kan wees? Die dissipels kry die “super-power” om te vergewe. So sterk is hierdie mag dat Jesus vir hulle sê as hulle vergewe, vergewe God. As hulle nie vergewe nie, bly die wêreld dig en donker.
- Maar net God kan sondes vergewe, nie waar nie? Moet ons nou God se werk doen? In ‘n sekere sin, ja! Oftewel Hy wil sy werk deur óns doen.
- Maar kan ek dan ander mense se sonde vergewe? Wel, kom ons dink aan wat sonde doen. Dorothee Sölle skryf “sin is when life freezes”. Sonde is lewe in die duisternis waar alles weer woens, koud en

leeg is soos voor die skepping. En dan kom God met sy lig en warmte en ont-dooi die skepping wanneer sy Gees oor die chaos sweef.

- Dis wat gebeur wanneer gelowiges deur die krag van die Heilige Gees aan bevrore lewe (dit wat deur die sonde aangetas is) aanraak. Dit ont-dooi. Dis die mag van die “restart” – van nuut en oor-begin. Uit niks kom iets, uit chaos kom God se wêreld.
- Mag die Here gee dat ons nie ons ou selwers weer word nie, maar ons nuwe selwers. Die selwers wat God toekoms aankondig waar ek ook al kom en waaraan ek ook al raak. Dis jou superpower. Dis wat die Heilige Gees doen deur jou. So wys ons wat kan gebeur as God deur mure loop en jou agtervolg om jou te vind.



1. Sommer vir die ligtheid daarvan, sê gou vir mekaar watter “super-power” jy sou wou hê en hoekom. Soos X-straal visie, om te vlieg, groot krag, onsigbaarheid, ensovoorts.
2. As jy op hierdie Pinksterfees in Joh 20 hoor dat jy die “supermag” ontvang om die wêreld met God se vergifnis aan te raak en dat dit ‘n bevrore wêreld dan ont-dooi (dit wil sê die dood daaruit haal), wat beteken dit vir jou?
3. Waar dink jy sal jy kan begin – waaraan sal jy eerste wil gaan raak (watter plekke, verhoudings, situasies ensovoorts) en hoe sal jy dit doen om die ont-dooiende krag van God daar te laat geld?